**Pastorale Brief aan die begin van die Herfs en kort voor Pase, Maart 2024**
**NG Kerk Berg-en-Dal**

Geagte gemeente,

Dit is Sondag, 17 Maart 2024, en ons sluit die kwartaal af, ‘n droë somer het dit toe geword, baie warm, vir die boere, ons almal eintlik, beproewend. Bekommerd. Die verkiesing lê ook nog voor. Ander sorge, nuus in die stad, siektes tuis. En tóg, nogtans…

Ons wil hiermee graag aan jul as gemeente vertel van die hoop wat in ons leef; dat God regtig teenwoordig is, hier *“op berge en in dale – oral voor Sy aangesig.”*





Dit was ‘n besige en geseënde eerste kwartaal by Berg-en-Dal. Ons het die jaar begin met Paulus se brief aan Titus, op **Epifanie-Sondag**, dié versekering: *“Die verlossende genade van God het verskyn vir alle mense”* (2:11-13). Daarop het die **Week van Gebed** gevolg en ons ontdekking van Jesus se woorde oor egte gebed, oor die *“ingaan in jou binneste kamer”*; die verborge ontmoeting met ons Vader wat in die verborgene woon en wat óns verborge binnekant ken (Mat. 6:6). Toe het ons die **Bergrede** gelees; Jesus se “grondwet” vir die koninkryk van die hemel, wat naby gekom het, hier, bý ons (Mat. 5 tot 7). Op **Aswoensdag** het ds. Johan Marais ons herinner aan die saligsprekinge oor die “armes van gees” en die “vervolgdes”, en Paulus se bede in Filippense 3:7-11; hoe niks kan opweeg teen dié verlange *“om Christus te kan ken, die krag van sy opstanding”*. Sedert die eerste **Lydensweek** het ons verder die gelykenisse oor die koninkryk van die hemel gelees en herdink; hoe verrassend Jesus die wonder en genade van God se heerskappy vir sy dissipels, die skares en vir ons oopgebreek het. Ons eredienste was goed bygewoon, in besonder die gesinsdiens in die saal. Hierby het ook nog ons deelname aan die Wêreldbiddag vir Vroue en Mans gekom, vanjaar met die land as tema: **Palestina**! Laat ons almal wat in daardie verskriklike geweld vasgevang is, aan die Here opdra en blý bid vir vrede!



En nou lê die laaste twee Lydensweke en Paasnaweek voor – dit is die diepte- én hoogtepunt van die Christelike Kerkjaar, in die spore van Jesus, ons Here. Ons nooi ‘n ieder en ‘n elk uit om hieraan te kom deelhê en dit saam met ons te beleef:

## Groot Lydensweek en Paasnaweek 2024

| | | |
|---|---|---|
| **Sondag, 17 Maart** | 18:00 | "'n Lied vir Lydenstyd" (Fil. 2:5-11) – ‘n Sangdiens (met Alumni Voices o.l.v. Leona Geldenhuys) |
| **Sondag, 24 Maart** | 09:30<br>18:00 | Palmsondag (Matteus 21) – ds. Jan Lubbe<br>Taizédiens by die ingang na die Laaste Week |
| **Maandag tot Donderdag** | 07:00 | Oggendwydings (laaste gelykenisse, Matteus 22-25) (musiek, stilte, voorlesing, gebed o.l.v. ds Jan Lubbe) |
| **Witte Donderdag, 28/3** | 18:00 | Aandnagmaal en wyding (Matteus 26) (‘n Diens van Woord en sakrament, verdonkering en ‘n stille afwagting – o.l.v. ds. Jan Lubbe |
| **Goeie Vrydag, 29 Maart** | 09:00 | Oggenddiens (Matteus 27) (‘n Diens van Woord, oordenking, stroping en gebed – o.l.v. dr. Martin Laubscher) |
| **Opstandingsondag, 30/3** | 09:30 | Oggenddiens (Matteus 28) (‘n Feestelike viering van die goeie nuus dat Jesus leef! – o.l.v. ds. Janke Hurter) |

Soos elke jaar weer, word ons herinneringe en aanbidding tydens hierdie byeenkomste en eredienste verryk deur musiek, voordragte, kleure en simboliek –
*"Vervul, o Heer, ons hart met stille wyding..."*
(Lied 391)



Wanneer ons as gemeente dan dankbaar op die afgelope kwartaal terugkyk, sien ons die gesigte van ons kinders, katkisante, matrieks en jongmense by Berg-en-Dal; Sondae en Woensdag-aande; ‘n uitstappie hier en ‘n kamp daar (in die kerksaal!). Net so bly is ons oor wat vir senior lidmate aangebied is, ‘n Valentynsdag by Siësta (!), ‘n 90-jarige verjaarsdag en die Herfstee…







Agter al die mooi programme en projekte van die afgelope kwartaal, staan daar rye vrywilligers, ons vriendelike kantoorpersoneel en ‘n Kerkraad wat wéér vir hierdie jaar, 2024, beplan het. Aan die hand van vorige jare se strategiese besinning, in die lig van ons huidige omstandighede en met die

terugvoer wat lidmate uit die Week van Gebed se paneelgesprekke gegee het, het die Kerkraad sewe fokuspunte vir 2024 uitgesonder:

a) Die ontvangs, verwelkoming, inskakeling en tuisbring van **nuwe lidmate/intrekkers**, ook diegene wat deur die internet met ons meeleef;

b) ‘n Omvattende bediening aan ons **kinders en jongmense**, wat berus op goeie persoonlike- en gesinsverhoudinge (en die hele wêreld van sosiale media);

c) Aanmoediging en ontwikkeling van groter **medewerking van vrywilligers**, veral in die leidinggewing in bedieninge, wyke en aksies in die gemeente;

d) ‘n Voortgaande klem op **gebed** in die lewe van ons gemeente, en die skep van tye en ruimtes daarvoor in ons eredienste, ander byeenkomste en vir lidmate self (tuis);

e) Die verdere “oopmaak” van virtuele- en fisiese ruimtes om die lewe van ons gemeente **toeganklik** te maak vir almal, jonk en oud;

f) ‘n Plan om met die verligting van **haweloosheid** in ons buurt en stad behulpsaam te wees;

g) en die begeleiding van en ondersteuning aan lidmate en medeburgers deur die komende **algemene verkiesing** en daarná.


Ons kort warm harte, koelkoppe en gewillige hande om met elkeen van hierdie fokuspunte te help; wil jy dit nie asb. oorweeg om die kantoor te kontak en jou naam en nommer vir een van hierdie areas op te gee nie?




‘n Tweede belangrike saak waaraan die Kerkraad (en ons Komitee vir Diensverhoudinge veral) aandag geskenk het, was ‘n sinvolle werksverdeling tussen ons drie leraars. Met inagneming van die feit dat ds. Janke Hurter se aanstelling net ‘n 5/8ste pos is, het ons besluit om die werk tussen ons as kollegas op ‘n basis van 2/5 – 2/5 – 1/5 (oftewel: 40% - 40% - 20%) te verdeel. Dit speel uit in die program vir ons erediensbeurte (sien elke week se *Fokus*), en dat ds. Janke veral die Jeugbyeenkomste/dienste sal hanteer en ds. Jan Lubbe die maandelikse Taizédienste. Begrafnisse en troues word nie hierby ingereken, omdat dit met bepaalde pastorale verhoudinge saamhang en lidmate daartoe hul versoeke aan ‘n spesifieke leraar kan rig. Vanjaar se Pinksterreeks word deur prof. Jan-Albert van den Berg gelei. Aldrie leraars lei ‘n eie Bybelstudiegroep op Woensdae of Donderdae. Aldrie leraars is ook by ons kategese betrokke; die belydenisgroep by di. Johan Marais en Janke, en die meeste van ons jeugwerk by ds. Janke; ds. Jan help wel met die Matrieks. Dan neem ds. Johan leiding in tegniese aspekte van ons eredienste, soos die lewendige uitsendings daarvan, en saam met oudl. Jacqueline Hechter by ons ander Gemeentebedieningsprojekte. Hy is ook primêr verantwoordelik vir die koördinering van al die pastorale werk in ons gemeente sodat ons kan sekermaak dat alle lidmate daardeur versorg is. Ds. Jan versorg die maandelikse byeenkomste

van ons Seniorbediening op Woensdae, en help ook nog by Siësta/Hospice. Hy en ds. Johan is verder ewe veel betrokke by al ons getuienis- en barmhartigheidsprojekte, in en buite die gemeente. Wat gemeentelike kommunikasie betref, hanteer ds. Jan hoofsaaklik die *Gemeentefokus* Vrydae, ds. Johan saam met oudl. Ellen-Anne Swart die webblad en *Facebook*, en ds. Janke ons *Instagram*. Ds. Jan sien ook om na ‘n aantal bestuursverantwoordelikhede in ons Ondersteuningsbediening, en vergader die leraars en kantoorpersoneel elke Dinsdagoggend om belangrike koördinering van die weekprogram en werksaamhede te doen. Verder is di. Johan en Janke by Radio Rosestad se godsdiensprogramme betrokke, en is hy ook voorsitter van die Ring van Bloemfontein-Noord. As voorsitter van die Algemene Sinode- en die Vrystaatse Sinode se Moderamen het ds. Jan ‘n groot hoeveelheid verpligtinge buite ons gemeente, waarvoor sy tyd deur daardie sinodes uitgekoop word en ons gemeente ‘n bedrag van nagenoeg R 242 000 per jaar ontvang (2024).

Dit bring ons dan by Berg-en-Dal se begroting, en dui ons dit hieronder as volg vir u aan:




U sal hieruit merk dat ons Komitee vir Geldsake ‘n styging van tussen 8% en 12% in begroting by ons inkomstes en uitgawes voorsien; verlede jaar was ons inkomstes 5,3% meer as begroot, en ons uitgawes 5,1%. Ons sal in April weer met u hieroor kommunikeer. Ons geouditeerde finansiële state van die jaar 2023/2024 is in die kerkkantoor, sou u daarna wou gaan kyk – baie dankie aan almal vir hul bydraes, dankoffers en ander skenkings. Dit het ons in staat gestel om alle verpligtinge en ‘n aantal groter projekte te kon aanpak. Vanjaar, op ons lys, is onder andere die inrigting van ‘n Baba/ kleuterkamer in die kerk, die opgradering van ons kerkkantoor en die aanbou van ‘n motorhuis vir die kombi – daaroor, later meer inligting.

Vireers dan, groet ons hiermee en wens jul almal ‘n welverdiende skoolvakansie toe en ‘n geseënde Paastyd.

**Leraars en Kerkraad, NG Kerk Berg-en-Dal.**